KRUISKERK.CO.ZA
Gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

5 November 2023
Aanlyn Erediens

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 23: 1-13
**Tema :** Wat is ons laste en jukke? Teenoor ?

## BROODJIES VIR DIE PAD

Don't measure what you can. Measure what you should. — Philip Sheldrake

"I think it only makes sense to seek out and identify structures of authority, hierarchy, and domination in every aspect of life, and to challenge them; unless a justification for them can be given, they are illegitimate, and should be dismantled, to increase the scope of human freedom."
— Noam Chomsky

"Take time to see the quiet miracles that
seek no attention"
— John O'Donohue

"Do not try to make the Bible relevant. Its relevance is axiomatic. Do not defend God's word, but testify to it. Trust to the Word. It is a ship loaded to the very limits of its capacity. -Dietrich Bonhoeffer"
— Eric Metaxas, Bonhoeffer: Pastor, Martyr, Prophet, Spy
( axiomatic definition: 1. obviously true and therefore not needing to be proved )

"For most people, whether religious or not, spirituality involves values and a principled lifestyle both of which are supported by specific spiritual practices including prayer or meditation."
— Philip Sheldrake, Spirituality: A Very Short Introduction

"The point is not that Jesus was a good guy who accepted everybody, and thus we should do the same (though that would be good). Rather, his teachings and behavior reflect an alternative social vision. Jesus was not talking about how to be good and how to behave within the framework of a domination system. He was a critic of the domination system itself."
— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

"He was still too young to know that the heart's memory eliminates the bad and magnifies the good, and that thanks to this artifice we manage to endure the burden of the past."
— Gabriel García Márquez, Love in the Time of Cholera

"I was never aware of any other option but to question everything."
— Noam Chomsky

"If you assume that there is no hope, you guarantee that there will be no hope. If you assume that there is an instinct for freedom, that there are opportunities to change things, then there is a possibility that you can contribute to making a better world."
— Noam Chomsky

"To be wise is to be eternally curious."
— Frederick Buechner

"To stand up straight with your shoulders back is to accept the terrible responsibility of life, with eyes wide open. It means deciding to voluntarily transform the chaos of potential into the realities of habitable order. It means adopting the burden of self-conscious vulnerability, and accepting the end of the unconscious paradise of childhood, where finitude and mortality are only dimly comprehended. It means willingly undertaking the sacrifices necessary to generate a productive and meaningful reality (it means acting to please God, in the ancient language)."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

"I would love to live like a river flows,
carried by the surprise of its own unfolding."
— John O'Donohue

"The master in the art of living makes little distinction between his work and his play, his labor and his leisure, his mind and his body, his information and his recreation, his love and his religion. He hardly knows which is which. He simply pursues his vision of excellence at whatever he does, leaving others to decide whether he is working or playing. To him he's always doing both. "
— James A. Michener

**BROOD VIR DIE PAD**

**Uncle Charlie's: Eindpunt van die bekende heelal**
**Dana Snyman** Netwerk24

Vir plattelanders was dit 'n uitdaging – nee, 'n beproewing – om stad toe te kom.
Om van Daniëlskuil in die Noord-Kaap af Pretoria en Johannesburg toe te gaan was vir ons 'n gróót ding.
Dit was nie sommer net vir in die Valiant klim en ry nie.
Pa het omtrent 'n maand voor die tyd al vir oom Ys, 'n broerskind van Ouma, in Germiston gebel om te hoor of hy ons op daai en daai dag by Uncle Charlie's sal kan kom ontmoet met sy Anglia.
Almal het in daardie jare – die 1960's en '70's – geweet van Uncle Charlie's, 'n padkafee en garage net duskant Johannesburg.
Die hoofpaaie uit die suide en weste het daar bymekaar gekom, en ons rou plattelanders het nooit verder as dit op ons eie gery nie. Nooit nie.
Uncle Charlie's was die einde van die bekende wêreld.
Verder stad-in was dit soos daardie ou wêreldkaarte met die drake in die onverkende dele.
Ons het altyd iemand uit die stad gekry om ons van Uncle Charlie's af die groot onbekende in te begelei.
Johannesburg en Pretoria was in ons kop een plek: Die Stad.
Pa-hulle het dikwels ook van "die Rand" gepraat.
"Jy weet, daar word elke dag 350 nuwe huise in die Rand gebou," sou hulle sê.
Of: "In die Rand swem hulle op Sondae." (Op Daniëlskuil was dit sonde om op Sondae te swem.)
Ons het allerhande nare dinge oor die Rand geglo.
Dat dit 'n godlose plek is waar 'n ducktailmaklik 'n skerpgemaakte fietsspeek tussen jou ribbe kan inglip.
Dat die Griekse kafee-eienaars dwelmmiddels in hulle lekkergoed spuit wat maak dat jy altyd teruggaan om weer by hulle te koop.
Ons het ook geglo die hele Rand is uitgehol oor al die gegoudmynery daar.
Maar ondanks al hierdie gevare het ons minstens een keer per jaar Rand toe gegaan, gewoonlik in April wanneer die Randse Paasskou aan die gang was.
Die aand voor ons gery het, het Ouma omtrent die hele dorp gebel en afskeid geneem.
"Nee, nee, ou suster, ons sal nóóit alleen in daai Gomorra ingaan nie," hoor ek haar nog oor die telefoon sê. "My broer se seun kom kry ons by Uncle Charlie's."
En dan het ons in die pad geval. Uiteindelik, anderkant die Westonaria-afdraai, naby die Danie Theron-monument, het jy die geboue die eerste keer in die verte sien lê. Die Stad.
Dit is ook min of meer waar Oupa, wat altyd voor langs Pa in die Valiant gesit het, Psalms begin fluit het, eers sag, dan ál harder, hoe nader ons aan Uncle Charlie's gekom het.
Ons het darem nie net vir die Paasskou stad toe gegaan nie. Ma en Ouma het materiaal by die Indiër-plaza gaan koop.
Oupa wou maar altyd weer na die Voortrekkermonument gaan kyk.
En ons het nie sommer teruggegaan huis toe voordat ons by Wemmerpan se waterorrel was nie.
Ja, ja, ernstige vrae kan seker gevra word oor mense wat uit hulle pad gaan om na waterorrel-vertonings – of is dit uitvoerings? – te gaan kyk.
Maar vir ons was daardie waterorrel by Wemmerpan iets soos kuns.
Ons het uit die dorre Noord-Kaap gekom, onthou.
Ons het nie eens genoeg water gehad om 'n grasperk te hê nie, en die vorige jaar het Oupa 11 skape weens die droogte verloor.
Ek sien nog hoe staan Oupa met sy hand in verwondering voor sy mond en staar na daardie spuitende waterpluime, rooies en geles en bloues, asof dit die "Mona Lisa" is, terwyl 'n swakkerige weergawe van Orff se Carmina Burana êrens uit 'n luidspreker rammel.
Pa en Oupa was veldmense. Jy kon hulle in die middel van die nag in die Kalahari aflaai, 65 km van Askham af, sonder kos.
En kalm sou hulle in die veld oorleef en hulle weg terugvind na waar hulp is.
Tog het hulle hierdie byna irrasionele vrees gehad om in die stad, omring deur derduisende mense met genoeg kos en water, te verdwaal.
En omdat Pa en Oupa daarvoor bang was, het ek en Ma en Ouma dit uiteraard ook gevrees.
Die skouterrein was toe nog naby die Johannesburgse middestad, in Braamfontein.
Op pad soontoe, terwyl Oupa besig is om 'n benoude Psalm te fluit, het Ma my seker honderd

keer herinner dat ek dadelik na die Total-inligtingstoring toe moet gaan as ek wegraak.
Die Total-toring by die skou was soos ’n reddingsboei op die oop see vir ons plattelanders. (Sulke bakens was skaars in die stad – buiten Uncle Charlie’s was daar eintlik maar net Halfway House en die Fonteine naby Pretoria.)
Die Paaskou was die naaste wat Oupa-hulle aan ’n besoek aan die buiteland sou kom. Dit was immers ’n internasionale skou, al het Suid-Afrika toe maar min vriende gehad.
Portugal, Taiwan, Paraguay, Lesotho en natuurlik Transkei het wel spesiale uitstalsale gehad, tradisioneel versier.
Ons het deur daardie sale gestap asof dit die lande self was. Die Taiwannese het ’n Taiwanse restaurant gehad, en natuurlik het ons daar geëet. Ek onthou nie wat ons bestel het nie, maar dit was maar ’n gesukkel om dit met daardie stokkies in ons mond te kry.
Ná ete, dit onthou ek goed, het Ouma een van die Taiwannese kelnerinne nader geroep en in Afrikaans vir haar gevra: “Ag, kan jy nie asseblief vir die oubaas ’n nat lappie bring om sy hande mee af te vee nie?”
Ek dink dit was ook die jaar toe oom Ys te lank in die biertuin gekuier het.
Of nee, oom Ys het te lank in die biertuin gekuier die jaar toe Pa vir Ma die Lowry-orrel gekoop het.
Huisorrels was toe die in-ding. Almal wou soos John Massey – hy het altyd vertonings by die Lowry-stalletjie op die skou gegee – liedjies soos “Groen koringlande” en “Spanish Eyes” speel.
Ons het die nuwe orrel sommer boks en al op die Valiant se dakrak gelaai, maar toe ons oom Ys soek, was hy weg.
Pa en Oupa het hom darem op die ou end in die biertuin opgespoor.
“Vat ons nóú terug Uncle Charlie’s toe sodat ons kan wegkom uit die nes uit!” Oupa het sy vuis in oom Ys se rigting geskud.
“Nou maar fyn, pikkewyn,” het oom Ys gesê en agter sy Anglia se stuurwiel ingewip.
“Follow the leader!” En toe het oom Ys laat waai, met tollende bande.
Ek gaan nie nou vertel hoe Pa daardie dag terug Uncle Charlie’s toe by oom Ys deur die verkeer probeer bly het nie.
Oupa het die Psalms later nie meer gefluit nie; hy het hulle hardop gesing: “Al dreig die vyand met die dood, al storm sy leërbendes aan…”
Oor ’n rooi verkeerslig, al agter oom Ys aan. “Al word ons hier omgeef, ons sal nie beef of rugwaarts gaan…”
Dít terwyl die Lowry heen en weer op die dakrak skuif en Ma aanhoudend sê: “My orrel, my orrel!”
Daardie dag het die Rand regtig vir my soos ’n rand gevoel waaroor ons enige oomblik kon stort.
Ek weet nie juis waarom nie, maar nou die dag op pad terug van Potchefstroom af Pretoria toe het ek by Uncle Charlie’s afgedraai.
Dit was nie so maklik nie. Ek moes ’n hele ruk soek voordat ek die plek kon kry.
Die wêreld daar is nou die ene snelweë. Die ou padkafee bestaan nie meer nie. Daar is wel nog ’n garage, maar niks daar is meer dieselfde nie. Ek het nie eens stilgehou nie.
Ek het maar weer teruggery snelweg toe, terug tussen die drie bane karre in.
Germiston se kant toe het ’n rookwolk in die lug gehang, en aan die anderkant van die pad het ’n ambulans verbygejaag met ’n flitsende rooi lig op die dak.
Ek woon nou al jare in Pretoria. Soms wens ek ek het nooit my vrese vir Die Stad verloor nie.

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*